

# Leef Lig

VYF GEWOONTES VAN DIE VROEË KERK  
EN WAT DIT VIR ONS VANDAG BETEKEN

Boek deur Jaco Strydom

## **Inhoudsopgawe**

Die krag van Gewoontes

Gewoonte 1 - Tyd in afsondering en gebed

Gewoonte 2 - Reis Lig

Gewoonte 3 - Leef in eenheid

Gewoonte 4 - Wees goed vir jou vyande

Gewoonte 5 - Gee om vir die wêreld

## Die krag van Gewoontes

**Ysbreker:** Wat is 'n gewoonte wat jy graag sou wou aanleer of afleer?

### Open met Gebed

**Vraag:** Noem iets uisonderliks wat jy al gedoen het. (Argus gery, uitreik in Mosambiek, 60 hotdogs geëet)

**Vraag:** Wat beteken die volgende: "We are what we repeatedly do. Excellence, then, is not an act, but a habit." ~ Aristotle

**Noem:** Jy kon dalk met 'n uitsonderlike aksie belangrike lesse geleer het, maar jou karakter word nie gebou deur dinge wat jy nou en dan doen nie; dit word gebou deur die dinge wat ek en jy die meeste van die tyd doen. Dit geld vir individue en gemeentes. Die vraag is nie of julle nou en dan 'n vakansie-uitreik reël, saam bid of kategeese hou nie. Die vraag is: Wat gebeur die meeste van die tyd?

**Vraag:** Jaco Strydom noem dat Jesus meer gepraat het oor hoe ons moet lewe as oor wat ons moet glo. Moet ons nie dalk meer vra "Wat doen 'n Christen" ipv net vra "Wat glo 'n Christen" nie?

**Vraag:** Wat sou jy sê is goeie "Geestelike Gewoontes" vir 'n individu?

**Vraag:** Wat sou jy sê is goeie "Geestelike Gewoontes" vir 'n gemeente?

**Vraag:** Waarom is Geestelike Gewoontes (iets wat jy gereeld doen) so belangrik?

**Noem:** As jy Geestelik wil groei, het jy beter gewoontes nodig, nie beter uitsonderings nie. Die uitsonderings in my dieet (daai 1 dag wat jy net blaarslaai geëet het) het minder invloed as die Bar-One & Coke wat ek elke middagete saam met my toebroodjie geniet. Geestelike Gewoontes is die rots in die storm.

**Vraag:** Gaan jy 'n six-pack kry as jy **glo** gesond eet en oefen is die regte ding om te doen?

**Noem:** Nee. Jy moet daardie leefstyl iets maak wat jy gereeld **doen**.

**Noem:** Gaan jy 'n Springbok raak as jy elke dag 5 proteïen shakes drink en niks oefen? Nee, jy gaan net opblaas.

### Hoe het die vroeë kerk geleef?

**Lees:** Handeling 2:44-47

**Vraag:** Sou jy sê ons leef vandag in 'n tyd van "storms"? (COVID-19, Armoede, geweld, plaasaanvalle, ens)

**Vraag:** Dink jy dinge was makliker vir die "vroeë kerk" in Handeling as vandag?

**Noem:** Die vroeë kerk het min geld gehad en was vervolgd as hulle in die openbaar getuig het. Hulle het nie eens Bybels gehad nie. En tog was dit die tyd in die geskiedenis wat die kerk die vinnigste gegroei het.

**Lees:** Matteus 5:14-16

**Noem:** Volgens Jesus sal daar storms wees. Dis 'n gegewe. God trek nie Sy kinders voor nie, die storms tref ons almal. Of ons huis gaan staan of val in die storm, sal bepaal word deur die vraag of ons net gaan hoor wat Jesus sê, en of ons prakties gaan raak en iets gaan begin doen.

**Noem:** Hier is 5 van die geloofsgewoontes wat die vroeë kerk geleef het en gehelp het om te groei:

1) Tyd in afsondering & gebed 2) Reis lig 3) Leef in eenheid 4) Wees goed vir jou vyande 5) Gee om vir die wêreld.

**Vraag:** Kan ek nie maar net Bybel lees en kerk toe gaan nie?

**Noem:** Dis 'n goeie begin, maar n klomp dinge in die evangelie maak eers sin as jy dit leef. Nie as jy dit dink nie, maar as jy dit doen. Genade en Vergifnis is iets wat eerstens beleef en beoefen moet word. Dis belangriker om te doen soos Jesus as om te praat oor Jesus. Jesus het **nie** gesê: "Ek was honger en julle het vir my gepreek, dors en julle het Bybelstudie gehou, 'n vreemdeling en julle het 'n debat oor xenofobie gevoer nie. Hy het gesê: Ek was honger en julle het vir My iets gegee om te eet, dors en julle het My iets gegee om te drink, 'n vreemdeling en julle het my gehuisves" Dit is hoe prakties die Evangelie is! Die Geestelike pad word gestap. Ons ontdek deur te doen. Deur op te daag – en aan te hou opdaag. **Lees: Jakobus 2:26**

**Sluit af met gebed**

## Gewoonte 1 - Tyd in afsondering en gebed

**Ysbreker:** Het jy al vakansie gaan hou op 'n plek sonder selfoon of wi-fi ontvangs? Vertel.

### Open met Gebed

**Vraag:** Het jy al ooit stil onder 'n boom gaan sit of jou selfoon afgesit in die berg om net die stilte te kan ervaar? Het jy dalk in die stilte dinge begin hoor of sien wat jy nie van te vore het nie?

**Vraag:** Dink jy 'n mens sou "anders" kon bid in sulke stilte?

**Lees:** Luk 4:42; Luk 6:12; Mat 14:23; Luk 22:39-46

**Noem:** As Jesus gebed so nodig gehad het, hoeveel te meer het ons dit nie nodig nie?

**Vraag:** Is daar 'n regte manier om te bid?

**Noem:** Nee. Daar is nie 'n regte gebed nie, daar is net opregte gebed.

**Vraag:** Is dit maklik om te bid?

**Noem:** Soms. Maar soms is dit moeilik. Soms is daar min om te sê. Soms is God stil. Is dit nie so met meeste verhoudings nie? In die Bybel is daar selfs plekke waar profete met God baklei. God hou van eerlikheid.

**Vraag:** Wat is die belangrikste in ons gebedslewens?

**Noem:** Om op te daag – en aan te hou opdaag. Verhoudings verander en groei oor tyd – net so moet ons afsprake maak met God om te gesels. Daar gebeur soms ook iets misterieus as ons net stil by iemand sit.

**Noem:** Ons moet 'n gewoonte daarvan maak om op te daag vir gebed.

### **Hier is 3 gebede wat ons dalk meer kan bid:** (lees en bespreek)

- 1) **Bid vir stilte.** Ons hele samelewing is verslaaf aan geraas. Dit verlig ons eintlik van 'n groot las as ons besef dat stilte oukei is. Ons gedagtes word die hele tyd onderbreek en oordonder met beelde en klanke en opskrifte en slagspreuke van buite wat ontwerp is om ons aandag af te trek. En ons verkies dit so. Want dit is hoe verslawing werk. Die probleem is dat al die inligting wat op ons neer-reën, maak dat ons nie lekker weet waar om te fokus nie. Daar is te veel opsies. Altyd nog 'n moontlikheid, nog 'n argument, nog 'n mening. Inligting kan ons help; dit kan rigtingwysers wees. Maar dit kan ons ook verlam. Te veel inligting is soos 'n orkes met te veel instrumente. Wees stil en weet Ek is GOD! **Lees: Jesaja 30:15**
- 2) **Here, breek my hart met die dinge wat U hart breek....** In *The Wounded Healer* sê Henri Nouwen: "Who can take away suffering without entering it?" Van nature wil ons situasies vermy wat ons harte laat breek. Ons is bang vir dit wat die seerkry van ander aan ons diepste wese kan doen. Ons is bang om nader te gaan, want dit maak die pyn en ongemak in ons binneste wakker. Ons kan nie net omgee wanneer ons skuldig voel of iemand jammer kry nie. Om te kan omgee moet ons "nader" beweeg aan die hartseer. Omgee beteken "om te gee"; as jy omgee, gee jy jou tyd, jou aandag, jou goed, jou geld, jou hart en, volgens Jesus se definisie, uiteindelik jouself.
- 3) **Die derde gebed wat ons te min bid, is die gebed waarin ons aanmeld vir diens.** Vodat ons bid, moet ons dalk net eers uitklaar wie werk vir wie. Daar is waarskynlik 'n klomp dinge wat ons van God vra wat hy eintlik van ons vra. As ons bid vir vrede, moet ons dalk eers vir onself bid, dat ons sal ophou "moan" en haat saai met ons woorde, en eerder sal aanmeld om vredemakers te wees.

**Noem:** Op die ou end is dit belangriker om te bid as om gebed te probeer verstaan en verduidelik. Tony Campolo sê: "I don't understand prayer, but I tried to pray and I tried not to pray ... and praying works better." Dis belangriker om te bid as om oor gebed te praat.

### **Sluit af met gebed**

## Gewoonte 2 - Reis Lig

**Ysbreker:** Wat is die mooiste/lekkerste staproete wat jy al gestap het?

### Open met Gebed

**Vraag:** Wat is een van die grootste foute wat mense op 'n multi-dag stap maak?

**Noem:** Hulle vat te veel goed saam. 'n Swaar rugsak. Onnodige gewig kan selfs die mooiste uitsig belemmer.

**Vraag:** Dink gou hoeveel "ekstra goed" ons deesdae nodig het om 'n "gelukkige lewe" te kan leef?

**Noem:** Selfoon, Internet, DSTV, Flat Screen TV, Privaat skole, oorsese vakansie, duur bergfiets - 50 jaar terug het ons nie hierdie goed nodig gehad om gelukkig te wees nie. En verseker nie in die vroeë kerk se tyd nie.

**Vraag:** As die vroeë kerk so baie met so min kon regkry, hoekom sukkel ons vandag so?

**Noem:** Ons wil graag "die kerk" die skuld gee. En as ons sê "die kerk", dan praat ons van die dominee. Die dominee is te lui, te lig, te vriendelik, te kwaai... Die dominee is een van baie in 'n kerk. Dalk moet ons as lidmate ophou om die ds. die skuld te gee en self meer betrokke raak. Die lidmate is "die kerk".

**Vraag:** Hoe verskil die rugsak van "vandag se mense" met die rugsak van "die vroeë kerk se mense"?

**Noem:** Die vroeë kerk se rugsak was ligter (minder aardse goed) en het baie plek vir God gehad. As ek elke 2de Sondag erediens bywoon en uithelp by die Vleisfees is ek dan 'n "goeie Christen"? Waar is die saam leer, saam bid, saam omgee, saam aanbid? Vandag se mense se rugsak is swaar, en het min of geen plek vir God.

**Vraag:** Hoeveel plek in jou rugsak hou jy oor vir God? (dalk retoriese vraag)

**Lees:** Matt 8:19-22. Matt 19:16-24

**Noem:** Ons sal ons rugsakke ligter moet maak van Wêreldse dinge en meer plek moet maak vir God se dinge as ons wil hê ons boodskap (getuienis) moet swaarder weeg.

**Vraag:** Maar om dinge uit jou sak te haal is nie maklik nie. Om gewig te verloor is pynlik.

Wat staan in jou pad?

**Noem:** Vir baie van ons is dit ons ego. Ons vrees vir ons en ons familie se toekoms. "God created man in his image, and man, the gentleman he was, decided to return the favour" – George Bernard Shaw. As ons weer sien dan skep ons 'n God wat inpas by ons eie beeld, agenda en planne. **Lees:** Lukas 16:13

**Vraag:** Wat is die teenoorgestelde van LIEFDE?

**Noem:** Dit is nie haat nie. Dit is selfsug. Is dit verkeerd om ryk te wees? Nee. Maar dis verkeerd om suinig te wees en vir niemand om te gee nie. Ons prioriteite wys op die ou end die duidelikste in ons begrotings en op ons kalenders – en dis waar vir individue en gemeentes. Ons het tyd en geld vir die dinge wat vir ons belangrik is. **Lees:** Hand 4:32-35 **Noem:** "Ek sal jou seën om 'n seën te wees," het God vir Abraham gesê. Ek & jy is nie veronderstel om 'n dam te wees wat opvang & bymekaarmaak vir onself & ons groepie nie. Ons moet 'n rivier wees waardeur die goedheid & genade wat ons ontvang het na die wêreld kan vloei.

**Lees:** Luk12:13-21

**Vraag:** Hoe kan ek weet of iets nie in my rugsak behoort te wees nie?

**Noem:** 'n Man begin kap met 'n hamer en 'n bytel aan 'n groot stuk rots. Sy vriend kom verby en vra hom waarmee hy besig is. "Ek maak 'n standbeeld van 'n perd", antwoord die man. "Wow, dis seker erg moeilik," sê die vriend. "Nee," sê die man, "glad nie. Jy kap net alles weg wat nie soos 'n perd lyk nie." Hierdie is 'n goeie metafoor vir dissipelskap. **Vra vir God wat jy moet wegkap om meer soos Hy te kan lyk.**

**Vraag:** Hoe kan ek meer leer oor hoe om soos Jesus te leef?

**Noem:** Lees weer 'n slag die 4 evangelies. Of lees Lukas en Handeling. Of lees die Bergrrede Mat5-7.

**Vraag:** Wat is van die items wat jy uit jou stapsak moet haal om plek vir God te maak en ligter te kan leef?

**Sluit af met gebed**

## Gewoonte 3 - Leef in Eenheid

**Ysbreker:** Hoeveel tyd per dag spandeer jy op jou foon of rekenaar? Aan wat?

### Open met Gebed

**Vraag:** Hoekom dink jy is jongmense (en grootmense) so verslaaf aan whats-app, Facebook, Instagram, ens?

**Noem:** Die mense is gemaak vir "connection"/verhoudings/gemeenskap/"community". En in 'n verhouding-arm wêreld is hierdie opsies waarna mense gryp. Maar dis soos beskuit sonder suiker of sout.

**Vraag:** Waarom was die verhoudings van die vroeë kerk beter as vandag?

**Noem:** Die wêreld leer ons om onafhanklik, krities en perfek te wees. Self-sufficient en slim. Dalk doen ons dit te goed. Of dalk "fake" ons dit net goed. Dalk is ons bang mense sien ons is nie perfek nie.

**Noem:** Dalk omdat die ou kerk tyd gemaak het om **saam** te eet, **saam** te bid, **saam** te leer. Minder ego's.

**Noem:** Vrees dat iemand ons geld gaan vat. Ek dink ander is te dom of arm om my iets te kan leer of bied.

### **Lees: Hand 2:44-47**

**Vraag:** As Paulus 'n rassis & snob was wat die "messiness" van mense wou vermei, waar was die kerk vandag?

**Noem:** Daar sou geen kerk gewees het as Paulus 'n boom met diep wortels en geen vrugte was nie. As Paulus 'n rassis was, was ek en jy nie van "sy mense" nie. Paulus het nie gesê "my behoeftes" & "my mense" eerste nie. Paulus het met Geduld & Liefde van vreemdelinge, Broers en Susters gemaak. Die "messiness" en moeite van "community" kon hom nie stop nie.

### **Vraag: Wat moet 'n kerk vermei? Waarvoor moet 'n kerk versigtig wees?**

1) Om slegs 'n organisasie te wees wat geestelike byeenkomste reël met slegs 'n boodskap en liedjies.

2) Om 'n "click" te wees wat slegs vir hulleself bestaan.

**Vraag:** Pseudo-community is conflict-avoiding; true community is conflict-resolving – Scott Peck **Bespreek.**

**Noem:** Peck beskryf in een van sy boeke dat gemeenskapsbou tipies deur 4 fases gaan:

- 1) Pseudo-community (waar jy "verlief" is en oor alles saamstem, waar jy vir die meisie sê jy hou van slaai)
- 2) Chaos (waar jy & jou nuwe vriend besef julle stem nie saam oor alles nie, jy erken jy hou eintlik van tjops)
- 3) Emptiness (die oomblik wat jy erken jy weet nie alles nie & jy is bereid om jou opinie te gee, maar ook te luister. Hiervoor moet jou ego "doodgaan". Waar jy erken dat al hou jy van tjops, jy hoor dat slaai gesond is)
- 4) True Community (dis waar Empatie ontwikkel, waar slaai en tjops kan saam bestaan op een bord)

**Noem:** Die grootste bedreiging van eenheid & geestelike groei is mense wat die hele tyd alles te persoonlik opneem. Baie verhoudings eindig in Chaos agv onvolwassenheid, ego's en selfsug.

**Sonder Empatie is true-community onmoontlik. Community is a group of people who agree to grow together.**

**Vraag:** Wat is die verband tussen ons eenheid en ons getuienis?

**Noem:** Ons eenheid is ons grootste getuienis! Dit wys dat ons boodskap van liefde, genade en omgee vir ons werk! Ons eenheid met mekaar nooi die wêreld, nie net om te kom luister nie, maar om te kom kyk.

### **Lees: Johannes 17:18-23**

**Noem:** As volgeling van Jesus is dit ons groot uitdaging om mense te probeer sien soos God hulle sien.

**Vraag:** Is ander Christen kerke (Josh Gen, St Lukes, Hervormers, Mullersrus huiskerk, Railton VGK) deel van die Ligaam van Christus? Natuurlik. **Vraag:** Kan die wêreld sien dat ons hulle so behandel?

**Vraag:** Hoe sien Jesus hierdie gemeentes & groepe? **Lees: Lukas 15:1-2; Kolossense 3:11; Galasiërs 3:28**

**Noem:** Jy leer die meeste by mense wat anders dink as jy. Die alternatief vir "krummels gooi vir die armes", is nie om brode te gooi nie, maar om 'n maaltyd te deel. Ons programme & strategiese idees, sal vanself begin gebeur as ons gereeld saam pret het. **So kry die tjops en slaai en nooi iemand vir ete. Vir Jesus is Liefde nie geloofwaardig as ons dit op 'n afstand moet skree nie, dit word eers geloofwaardig as jy so naby kom dat jy dit kan fluister. Kerk behoort 'n plek te wees waar volgelinge van Christus kan Broers en Susters raak.**

**Sluit af met Gebed**

## Gewoonte 4 – Wees goed vir jou vyande

**Ysbreker:** Wat is die slegste ding wat jy al moes eet?

Open met Gebed

**Vraag:** As jy hoor “Wees goed vir jou vyande” – aan wie dink jy? Wie kwalifiseer as jou vyand?

**Noem:** Die grompot op die kerkraad, die buurman wat jou hond skop, vriendin wat van jou skinder. Eskom.

**Noem:** In die vroeë kerk was dit marteling, armoede, dood, tronkstraf agv mense in mag in regering en kerk.

**Vraag:** Wat sê Jesus oor hoe jy jou vyand moet hanteer? **Lees: Luk 6:27-35**

**Vraag:** As jy iemand vergewe, beteken dit dat wat hy/sy gedoen het oraait is?

**Noem:** Genade & vergifnis sê nie dat wat gebeur het nie sleg, boos of wreed was nie. Jy kan net genade bewys as iets tragies met jou of iemand wat jy liefhet, gebeur het. Vergifnis gee ook nie die persoon toestemming om dit weer te doen nie. Ons keuse is: Word bitter of word beter. Ons moet die gifbeker weerstaan wat die duiwel ons aanbied om te drink. As ons bitter raak, dan droom en wens ons dat die persoon self sal seerkry en pyn ervaar. Ons droom moet wees dat die persoon wat oortree het genesing sal ervaar en sal herstel.

**Vraag:** Waarvoor word Stefanus (in die Bybel) onthou?

**Noem:** Amper uitsluitlik vir die feit dat hy die eerste martelaar van die “nuwe kerk” was. Dat hy in ‘n bitter en donker oomblik Christus se lig kon sien en Jesus se kruiswoorde herhaal het. **Lees: Handlinge 7:55-60**

**Vraag:** Wens jy soms dat ons kon kerk wees in ‘n gunstige tyd waar Christene veilig, ryk & gemaklik kon wees?

**Vraag:** Die vroeë kerk het die grootste impak gehad in die donkerste, wreedste tye van die kerkgeskiedenis. Niemand het gesê “O dit lyk lekker, ek wil ook join” nie. Hulle het dalk eerder gevra “Wat kan ‘n mens so vry maak dat jy in sulke onregverdige omstandighede steeds goeddoen? Hoe gemaklik voel jou kerk nou?

**Noem:** By Stefanus leer ons dat 'n Lig die helderste skyn in die donker. Wat help dit ons steek 'n kers aan in 'n kamer wat reeds lig is? As ons altyd die "oog vir 'n oog" reël volg, gaan ons almal later blind wees.

**Vraag:** Hoe behoort ons as Christene in moeilike omstandighede op te tree? **Lees: Galasiërs 5:22-23**

**Noem:** Ongelowiges kan ook vloek en baklei as hulle ontevrede is en onreg ervaar het.

**Noem:** Miskien moet ons eerder sê "**Moeilikheid is ons Besigheid**" en besef dat **hoe** ons Moeilikeheid hanteer is 'n groter getuigenis as **hoe hard** ons met die Moeilikeheid baklei. Gewoonlik raak 'n moeilike situasie net erger, hoe harder ons baklei. Christus verwag van ons om die vuur (haat) te stop en vredemakers te wees.

**Noem:** 'n Boom vat koolstofdioksied en maak suurstof daarmee. God wil hê dat ons soos bome moet wees.

**Noem:** Wat help dit almal vloek vir Eskom tydens Load-Shedding? Dit help niks. Steek eerder 'n kers aan.

**Vraag:** Hoe lyk dit om goed te kan wees vir jou vyand?

**Noem:** Jesus soek meer as pasifisme, hy vra dat ons vredemakers sal wees. En dis harde & onregverdige werk.

**Noem:** Die heel eerste ding wat God gedoen het is om iets uit niks te maak, lig uit duisternis, goeie dinge uit chaos. Dis asof Jesus ons uitnooi om ook daarmee besig te wees. Genade & Vergifnis is so sentraal in die Christelike geloof, dat sou ons dit wegvat, bly daar eintlik niks oor nie. **Hier is Jesus se uitdaging aan jou en**

**my: wanneer daar duisternis oor jou pad kom, vra jouself altyd: Hoe kan ek 'n lig wees?**

**"It is better to light one candle than to curse the darkness."**

**Lees: Rom 12:21**

Klink GENADE onregverdig? GENADE & GEBED vir ons vyande is seker die swaarste, onregverdigste ding wat Jesus van ons vra. Maar onthou: Grace is the only injustice that can make this world a better place.

**Vraag:** Is daar 'n vyand in jou lewe waarvoor ons kan bid?

**Sluit af met Gebed**

## Gewoonte 5 – Gee om vir die wêreld

**Ysbreker:** Vertel van 'n interessante plek waar jy al was.

Open met Gebed

**Vraag:** Wat is die laaste opdrag wat Jesus vir die dissipels gegee het? **Lees: Matt 28:19-20**

**Noem:** Gaan na **al** die nasies toe. Nie net die wat soos jy lyk en doen nie. Of die waarvan jy hou nie.

**Vraag:** Wat hoor jy as jy **Johannes 3:16** lees?

**Vraag:** Hoor jy "God het **my** so lief gehad.... sodat **ek** nie verlore sal gaan nie"? Of hoor jy "**die wêreld**"?

**Vraag:** In **Matt 28:19** en **Johannes 3:16** - wie is "die wêreld"? **Noem:** dis alle mense op aarde. **ALMAL.**

**Vraag:** Sukkel jy ook soms om te verstaan hoekom ons kerk sendelinge in ver lande ondersteun? Daar is so baie honger kinders in Afrika? En kyk net al die nood in ons eie dorp? Ons moet seker eers hier help?

**Noem:** Die waarheid is natuurlik, ons moet hier **en** daar omgee. Ons verval te maklik in 'n "ons" en "ons mense eerste" en "ons plek eerste" mentaliteit. Ons moet versigtig wees om kritiek te lewer op mense wat in 'n ander land sendingwerk doen of by bv die Rooikruis of UNICEF help. **Dieselfde argument kan ons uiteindelik weerhou om die straat, die kultuurgrens of die sosiale grense in Suid-Afrika oor te steek.**

**Lees: Hand 1:8**

**Noem:** Die herhaling van "**en**" is belangrik. Dis nie hier "**of**" daar nie; dis hier "**en**" daar.

**Vraag:** Ek glo ons sal Paulus kan klas as 'n "super-dominee"? Sou dit nie beter gewees het vir "sy mense" as hy eerder hierdie gawes en talente in sy "eie land" of "sy eie dorp" toegepas het nie?

**Vraag:** Waar is Paulus dood? In Rome, Italië - een van die rykste & sterkste stede en ryke van daardie tyd.

**Vraag:** As die dissipels by die arm & siek Jode in Jerusalem gebly het, sou ek & jy Christene gewees het?

**Noem:** Waarsynlik nie. Ons Voorouers was nie Jode nie; hulle was heidene in Europa of Afrika.

**Vraag:** Maar om ander te kan help, moet jy tog eers jouself en die rondom jou help, reg?

**Noem:** Dis wat 'n mens noem 'n half-waarheid. Of 'n 10% waarheid. Dis wel iets wat die wêreld te maklik aan ons verkoop en ons 100% glo en waaraan ons nooit versadig sal raak nie. **Die volle waarheid:** Die son draai nie om die aarde nie en die wêreld draai nie rondom jou nie. It's not about you. Die heelal draai rondom God.

**Vraag:** Skuld ek God 10% van my tyd, geld en moeite? **Lees: Mark 12:30**

**Noem:** As ek Mark 12:30 lees, hoe kan ek dan waag om te glo "eers as ek gelukkig is, kan ek die wêreld gelukkig maak"? En "gelukkig" beteken seker 'n 4x4 bakkie, 'n strandhuis, 'n koffie-masjien en 'n six-pack?

**Vraag:** 'n Sendeling is gevra: hoekom dié vreemde land? Daar is tog genoeg kos, werk, skole, bybels en vryheid van geloof? Is daar nie plekke in SA met groter nood nie? Wat dink jy was die sendeling se antwoord?

**Noem:** Sy antwoord: **Want God het my gestuur.**

**Vraag:** So moet ek al my geld weggee en oorsee trek?

**Noem:** Kalmere. Begin **BID**. Vra **God** waar **Hy** vir **jou** wil gebruik en wees **bereid** om te gaan. Of te bly.

**Noem:** Missionaal beteken dat ons doelbewus, strategies en elke dag juis op die donkerste plekke en by die donkerste kwessies sal omgee, ook terwyl ons besig is met ons eie dinge.

**Vraag:** Waar stuur God jou?

**Noem:** Ons moet **bereid** wees om alles te verkoop en ons huise te verlaat. **Maar God besluit waar & hoe Hy ons wil gebruik.** Vra **GOD** om vir jou die donker plekke in hierdie wêreld te wys waar jy jou lig moet skyn.

**Noem:** "Jesus promised his disciples three things - that they would be completely fearless, absurdly happy, and in constant trouble." - William Barclay

**Vraag:** Waar sien jy nood in die wêreld?

**Noem:** **Bid** dat **GOD** jou sal toerus en bereid sal maak om te help waar **HY** jou wil gebruik.

**Sluit af met Gebed**

## Opsomming by saam-braai

**Vraag:** Wie wens dat ons eerder kon "kerk" wees in gunstige tye?

**Noem:** Ons moet onthou dat "gunstige" tye nie altyd beteken "maklike" tye nie. Ons leef vandag in SA in 'n baie "gunstige" tyd, want met soveel nood is die kerk bitter nodig. Die wêreld het God nou bitter nodig.

**Vraag:** Hoekom dink julle het die kerk deesdae so min impak al is daar so baie kerke, programme, bybelstudies, bybels en hulpmiddels terwyl die vroeë kerk in 'n tyd van armoede en vervolging en geen bybel so groot impak gemaak het?

**Noem:** Dalk was die vroeë kerk se Christelike gewoontes beter. Dalk het hulle Jesus se boodskap elke dag geleef en nie net elke tweede Sondag tussen 10vm en 11vm nie. Dalk het die vroeë kerk nie net op uitsondering 'n "kerk-ding" gedoen nie. Die vroeë kerk het die mees basiese goed "geleef". Hulle het nie net gebid vir die wat honger en siek was nie, hulle het hulle ook versorg en kos gegee.

**Noem:** Die vroeë kerk se tafels was groter en hul heinings laer.

**Vraag:** Wat sou julle sê is "goeie teologie"?

**Noem:** Ja, dit is om die Bybel as geheel te verstaan asook die tyd in geskiedenis en plek om alles in konteks te verstaan. Daar is deesdae baie "slim" Christene wat hul bybel ken, baie kursusse en bybelstudies doen - hulle is oorversadig van kennis, maar as jy gaan kyk hoe hulle leef sukkel jy om "Jesus" raak te sien.

Goeie teologie is meer as om te praat oor wat ons glo - goeie teologie moet geleef word. "You don't think yourself into a new way of living, you live yourself into a new way of thinking." - Henri Nouwen. 'n Mens kan oor dinge dink en filosofeer, maar baie keer maak dit eers sin wanneer ons dit begin doen.

**Noem:** Die donker wêreld waarin ons vandag leef kort nie meer kritiese denkers wat oorversadig is van lees en praat nie, maar eerder Christene wat Lig kan leef en die wêreld jaloers maak met hoe hulle **leef**. So kom ons moedig mekaar aan om hierdie 5 basiese beginsels te begin **leef**. Nie net op Sondae of op spesiale oomblike nie, maar elke dag:

- 1) Spandeer tyd in afsondering en gebed
- 2) Reis Lig
- 3) Leef in eenheid
- 4) Wees goed vir jou vyande
- 5) Gee om vir die wêreld

**Bonus Uitdaging:** Gaan lees weer een van die Evangelies van begin tot einde. Of lees die Bergrede in Matteus 5-7. Gaan kyk wat was vir Jesus belangrik en gaan leef dit. Elke dag.



## Uit die reeks/boek/videos:

**HANDELINGE 2:44-47** 'Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys.'

**HANDELINGE 4:34-35** 'Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprys daarvan gebring en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte.'

**LUKAS 3:10-14** 'Die mense vra hom (Johannes die Doper) toe: "Wat moet ons dan doen?" Hy antwoord hulle: "Wie twee kledingstukke het, moet dit deel met iemand wat nie het nie, en wie kos het, moet dieselfde doen." Daar kom toe ook tollenaars om gedoop te word en hulle sê vir hom: "Meneer, wat moet ons doen?" En vir hulle sê hy: "Moenie meer invorder as wat vir julle vasgestel is nie." Ook soldate het hom uitgevra: "En ons, wat moet ons doen?" Hy antwoord hulle: "Moet van niemand deur geweld of vals aanklag geld afpers nie, maar wees tevrede met julle betaling."

'n Brandweerman is nie veronderstel om te "moan" as daar 'n brand is nie - hy moet die brand gaan blus. 'n Lig is nie veronderstel om te "moan" in die donker nie - 'n lig moet skyn in die donker.

'n Lig is juis nodig waar dit donker is. Wat help dit jy skyn 'n lig waar dit reeds lig is.

Moeilikheid is ons besigheid.

"You don't think yourself into a new way of living, you live yourself into a new way of thinking." - Henri Nouwen.

Dalk moet ons minder vra "wat **glo** 'n Christen" en meer vra "wat **doen** 'n Christen".

Ons karakter word geken aan ons gewoontes - nie aan ons uitsonderings nie. En as jy Geestelik wil groei het jy beter gewoontes nodig, nie net goeie uitsonderings nie.

'n Hoë boom met geen wortels gaan omwaai as die wind sterk waai. En 'n boom met diep wortels, maar geen vrugte is nutteloos.

Daar is nie 'n **regte** gebed nie. Maar daar is **opregte** gebed.

Met gebed gaan dit nie altyd voel of dit 'n "wow" oomblik was nie. Soms gaan jy sukkel om te praat en soms gaan jy sukkel om te hoor. Maar ons moet aanhou opdaag.

As ons gaan sit onder 'n boom en stil word, sal ek die voëltjies hoor sing. Maar die voëltjies het nie begin sing toe ek stil geword het nie - ek kon hulle net vir die eerste keer hoor toe ek self stil raak. Net so daag God nie eers op wanneer ons sekere dinge doen nie. God is altyd en oral teenwoordig. Maar ons moet stil raak om Hom te kan hoor.

Jesus het na die menigte gekyk en Hy het gehuil. Ons kyk na die menigte en ons oordeel.

As ek 'n kind sien bedel op die straathoek, sien ek nog 'n kind?

Om skuldgevoel te gebruik as motivering om goed te doen is soos om suiker te eet - dit piek jou energie en jy trek vinnig weg, maar dit hou nie lank nie en op die ou-end voel jy net meer lam en minder gemotiveerd. Liefde en Empatie is baie beter motiveerders om aan te hou omgee. Maar empatie kan net groei as jy naby genoeg kom dat jou hart kan breek.

Liefde is nie geloofwaardig as dit oor 'n afstand geskree word nie. Liefde raak geloofwaardig wanneer jy mag en krag en afstand prysgee. Liefde word eers geloofwaardig wanneer jy so naby kom dat jy dit kan fluister. Een van die groot redes hoekom die kerk vandag soveel minder impak het as die antieke kerk is omdat ons manier van kerk wees net te smart is. Dis net te veilig. Dis net te veel op 'n afstand. Ons sal weer moet leer om naby te kom. En dis 'n risiko wat ons nie wil neem nie.

Partykeer voor ons bid moet ons net eers "uitfigure" wie werk vir wie. Wanneer ons bid is daar 'n klomp goed wat ons van God vra, wat Hy eintlik van ons vra.

As jy 'n honger kind sien en opkyk na God en vra: "God hoekom is hierdie kind so honger?", as jy stil raak en luister sal jy God hoor sê "Omdat jy hom nie kos gee nie."

Dink net hoe anders die wêreld sou wees as ons gebed kon sien as die oomblik waar ons aanmeld vir diens.

Wat is een van die grootste foute wat ouens op 'n stap-toer maak? Hul pak hul rugsak te swaar.

Die teenoorgestelde van Liefde is nie haat nie. Dis selfsug.

Die Kerk is veronderstel om die liggaam in die samelewing te wees wat rats kan dink en doen as dit oor mense se nood gaan. Ons manier van kerk-wees het te swaar geword.

Die vroeë kerk kon baie doen met min.

God created man in his image. And man - the gentleman that he was - returned the favour.

Jesus verwag barmhartigheid, geduld en liefde. Nie offers nie.

As jy wil weet wat vir iemand belangrik is, gaan kyk na sy begroting en kalender. Die dinge wat werlik vir ons die belangrikste is, is die dinge waarvoor ons tyd het en waarvoor ons geld het.

*No one can tell you what the Matrix is, you have to experience it for yourself.* Genade en vergifnis is iets wat eerstens beleef en beoefen moet word.

Dis belangriker om te bid as om oor gebed te praat.

Die geestelike pad word gestap. Ons ontdek deur te doen. Deur op te daag - en aan te hou opdaag.

'n Boom word nie aan sy missie, visie of website geken nie. 'n Boom word aan sy vrugte geken.

"Liefde Wen" beteken om onselfsugtig te leef.

There is enough for everyone's need, but not for everyone's greed.

Die bron van ons aksies moet nooit "skuldgevoel" wees nie. Ons aksies moet vloei uit dankbaarheid.

Ons is deesdae vissermanne wat nette span om die visse uit te hou.

Jesus sê dat as jy werklik 'n lewe in oorvloed wil lewe dan sal jy moet leer om te gee. Want om te gee maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang en jy sal moet besig raak met die vraag: Wat kan ek doen met wat ek reeds het. Dit tel vir ons as gemeentes en vir ons as individue.

If you have more than you need, don't make your fences higher, make your table longer.

"Omgee" beteken "om te gee". Gee jou tyd, gee jou geld, gee jouself.

As Paulus gesê het "my mense eerste" was nie een van ons vandag Christene nie. Nou is die aflosstokkie in ons hand.

"Die moeilikste ding wat God van ons vra is om goed te wees vir ons vyande. Maar as ons dit sou wegvat - genade en vergifnis - dan bly daar eintlik niks oor van die evangelie nie. Dis so sentraal aan die evangelie, aan dit wat ons glo." - Henri Nouwen

Ons moet soos bome wees. 'n Boom vat ons toksiese, vuil asem en transformeer dit na suurstof toe. 'n Boom vat iets wat toksies is en dan maak hy iets wat lewe gee daarmee. Dis asof God sy volgelinge roep om daardie organisme te wees wat boosheid in die samelewing wen op daardie manier.

Wanneer ons by 'n geleentheid is en daar is 'n Eskom oomblik en alles is donker help dit niks almal begin vloek en skel en sê die regering sleg nie. Die enigste ding wat dit gaan beter maak is as iemand 'n kers aansteek of 'n flits aansit.

Mense is soos 'n buisie tandepaste - jy sien eers wat binne aangaan wanneer jy op hulle druk.

In 'n samelewing waar die mense leef op die beginsel van 'n "oog vir 'n oog", is almal later blind.

Jesus het nie gevra dat 'n klomp mense 'n bietjie van hul tyd aan Hom moet gee nie. Jesus vra dat JY jou HELE LEWE vir HOM moet gee.

Die vraag is nie of julle nou en dan 'n vakansie-uitreik reël, saam bid of kategetiese hou nie. Die vraag is: Wat gebeur die meeste van die tyd?

It is better to light one candle than to curse the darkness.

Geestelike Gewoontes is die rots in die storm.